Hoërskool Swartland

(022) 482 1469
admin@swartlandhs.co.za
www.swartlandhs.co.za
Posbus 253, Malmesbury, 7299

# Hoërskool Swartland
# Kultuurbeleid

## Opgestel deur die Kultuurkomitee met bekragtiging deur die beheerliggaam

SMWalters

------------------

S Walters
Voorsitter

------------------

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 14/10/2024

# KULTUURBELEID:

## 1. VISIE

Gesonde deelname aan kultuur-aktiwiteite sodat elke leerder gemaklik en tuis sal voel om deel te neem en te presteer.

## 2. DOEL

Om'n beleid daar te stel wat aan die behoeftes van die skool voldoen.

Om die nodige kriteria daar te stel om verantwoordbaar besluite te kan neem ten opsigte van die kultuur-aktiwiteite van die skool.

Om op 'n volhoubare wyse maatreëls in plek te hê om die holistiese ontwikkeling van ons leerders te bevorder.

Om te poog dat elke leerder aan ten minste een kultuur-aktiwiteit deelneem en sodoende verseker dat elke leerder die geleentheid kry om vaardighede verder as die klaskamer te ontwikkel wat akademiese prestasie ondersteun en aanvul, en leerders toerus met kritiese vaardighede soos kreatiwiteit, taalvaardigheid, innoverende denke, dissipline, deursettingsvermoë en organisatoriese vaardighede.

## 3. AKTIWITEITE AANGEBIED

Aktiwiteite word deur onderwysers as deel van hul buitemuurse take asook deur spesialis-aanbieders by die HSS Kultuursentrum aangebied. Die Kultuursentrum word deur 'n aangewese onderwyser bestuur. Sy/hy word ondersteun deur skakel-onderwysers vir spesifieke aanbiedings deur buite-persone. Leerders van graad 8 tot graad 12 kan aan enige kultuur-aktiwiteit hier onder gelys deelneem.

- ARTHSS

  Die jaarlikse ARTHSS word deur aangewese onderwysers en die Kultuurkomitee van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) georganiseer. Die hoofdoel is om Mej. Swartland en Mnr. Swartland te kies. Mej. Swartland tree op as sjampanje-nooi by interskole, maar alle leerders word betrek by kleiner, vermaaklike toekennings.

- DANS

  Dans word deur 'n geakkrediteerde dans-onderwyseres by die FSS-sentrum aangebied. Kwartaallikse fooie word gehef. Leerders van plaaslike laerskole word ook geakkommodeer.

- DEBAT EN REDEVOERING

  Debat- en openbare redevoering-opleiding en oefeninge word deur aangewese onderwysers een maal per week in Afrikaans en/of Engels aangebied. Leerders skryf in vir kompetisies as individue en in spanne. Inskrywingsfooie word gehef.

- DERDE TALE

  Gespreksvlak Frans, Spaans, Isixhosa en Duits word na gelang van belangstelling aangebied. 'n Minimum van 5 leerders per taal per jaar word vereis. Graad 7-leerders van plaaslike laerskole word toegelaat om klasse by te woon.

- DRAMA

Drama-klasse word deur die Drama-vakonderwyser vir leerders wat nie Dramatiese Kunste as 'n vak neem nie, aangebied. 'n Klasfooi word gehef. Leerders skryf in vir kompetisies en die Shakespeare Schools' Festival.

- EISTEDDFOD

Hoërskool Swartland affilieer by Wes-Boland Eisteddfod,Tygerberg Internasionale Eisteddfod en Paarl Vallei Eisteddfod. Elke eisteddfod word deur 'n aangewese onderwyser gekoördineer. Leerders mag individueel by ander eisteddfods ook inskryf. Leerders word nie gekeur om deel te neem nie en kan vir enige kategorie van hul keuse inskryf. Leerders ontvang hulp ter voorbereiding na gelang van behoeftes. Leerders is verantwoordelik vir eie vervoer na skole waar beoordeling plaasvind. Leerders mag nie in skooldrag deelneem nie, maar in netjiese gewone drag (verkieslik swart) met hare weggebind van gesig.

- FOTOGRAFIE-KLUB

Die fotografie-klub bestaan uit skoolfotograwe wat foto's by skoolgeleenthede neem en "Rockie Moments" saamstel.

- FOTOGRAFIE-KLASSE

Fotografie-klasse word deur 'n professionele fotograaf aangebied. Fooie word gehef. Leerders kry geleentheid om vir kompetisies in te skryf en hul foto's ten toon te stel.

- IMPACT (CSV)

Die Christelike etos van die skool word uitgeleef deur IMPACT. Vrydae (eerste pouse) word 'n geleentheid vir lofprysing en kleingroep-gesprekke geskep. Aangewese onderwysers is koördineerders en kringleiers (leerders) neem leiding in kleingroepe.

- INTERACT (GEMEENSKAP UITREIK-AKSIES)

Daar word uitgereik na tehuise vir bejaardes en ander instansies. Deurlopend word die Rockie-spens bedryf om kospakkies aan behoeftige gesinne in die Malmesbury-gemeenskap te skenk.

- KOOR

'n Dogterskoor van 60 – 70 lede word deur 'n aangewese onderwyser afgerig. Indien nodig mag 'n begeleier van buite gebruik word. 'n Bekwame koorleier mag van buite die personeelkorps aangestel word indien nodig. Die koor tree by verskeie skoolgeleenthede op en neem aan kompetisies deel. Dogters neem in koordrag deel.

- MUSIEK (INSTRUMENTAAL) EN SANG

Sang, kitaar en klavierlesse word deur die Kultuursentrum aangebied. Fooie word gehef. Graad 7-leerders word toegelaat om by die Kultuursentrum in te skakel.

- KULTUURAAND (INTERSKOLE)

Die Interskole Kultuuraand vorm deel van die Interskole kragmeting teen Hugenote Hoërskool. Riglyne vir die kompetisie word jaarliks tydens 'n vergadering bevestig en aangepas. Die aand behels optredes deur talentvolle leerders en kore van beide skole op 'n nie-kompeterende basis. Junior en senior vasvraspanne en debatspanne kompeteer.

- MUSIEKBLYSPEL

  'n Musiekblyspel word tweejaarliks aangebied om leerders se dans-, drama-, musiek- en sangtalente te vier. Die teks word verkieslik nuut geskryf sodat bepaalde talentvolle leerders blootstelling kan kry. Solo-sangers moet oudisies aflê. Leerders word ook opgelei in tegniese en verhoogbestuursvaardighede. Klank-apparaat en tegnici word gehuur om 'n produksie van hoë gehalte te verseker. Twee tot drie opvoerings en 'n gala-aand, wat 'n aansit-ete insluit, word aangebied. Ouerkomitees word gevorm om met kostuums, dékor en die gala-aand te help.

- "SWARTLAND'S GOT TALENT " (INTERNE TALENTKOMPETISIE)

  Swartland's got Talent word een maal per jaar aangebied, Leerders wat wil inskryf, moet aanmeld vir oudisies. Dit word ook gebruik as 'n fondsinsamelingsgeleentheid vir INTERACT. Die VLR-kultuurkomitee onder leiding van 'n aangewese onderwyser is verantwoordelik vir die reëlings.

- ANDER

  Leerders kan ook inskryf vir skryfkompetisies, balletklasse by die plaaslike balletskool neem en aansluit by die Voortrekkerbeweging. Hul kry volle erkenning vir prestasies hier behaal. Leerders word aangemoedig en ondersteun om aan verskeie kultuur-kompetisies (ook buite skoolverband) deel te neem.

## 4. LOGISTIEK

### KULTUURSPAN (AANBIEDERS EN/OF KOÖRDINEERDERS)

Die kultuurspan van die skool bestaan uit die kultuurhoof en uit lede van die personeelkorps (opvoeders) wat as afrigters/aanbieders en/of koördineerders of skakelpersone optree. Sodanige kultuurspan word saamgestel deur die skoolhoof wat die werksverdeling finaliseer. Die kultuurspan vergader aan die begin van die jaar met die hoof van kultuur om oefentye en ander logistieke sake te finaliseer. Hul vergader ook aan die einde van die jaar vir nabetragting, vernuwing en om leemtes/probleme aan te spreek.

Die skakelpersone vir aanbieders van buite vergader aan die begin van die jaar met die kultuursentrum-koördineerders en buite-aanbieders om bemarking, fooie en logistieke maatreëls in plek te stel.

## ALGEMENE PLIGTE EN VERANTWOORDELIKHEDE

### 3.1 KULTUURHOOF

- Lewer insae, identifiseer leemtes, sterkpunte, deel inligting vir visie en doelstellings, pad vorentoe met kultuur.
- Stel kultuurbeleid op en maak aanpassings in oorlegpleging met skoolbestuurspan en beheerliggaam.
- Lewer insae en deel inligting t.o.v. kultuur-aktiwiteite by jaarbeplanning en deurlopend aan skoolbestuurspan.
- Lei kultuurvergaderings.
- Woon BHL -vergaderings (Sport en Kultuur) by en lewer insae.
- Maak seker dat kultuurprogram relevant bly.
- Stel kultuurrooster/program op.
- Werf buite-aanbieders.
- Koördineer aanbieders en skakel-onderwysers.

## 3.2 AANBIEDERS/KOÖRDINEERDERS

- Help met samestelling en verloop van kultuurbemarkingsfunksie – Kultuur Vertoonvenster
- Stel begroting op vir aktiwiteit(e) waarvoor hy/sy verantwoordelik is.
- Stel 'n afrigtingsprogram (rooster) en doelwitte vir elke kwartaal op na afloop van beplanningsvergadering.
- Stel ouers in kennis van oefentye en kompetisiedatums.
- Dui belangrike datums op kwartaalprogram aan, waar moontlik.
- Bemark aktiwiteit(e) en motiveer leerders om aan aktiwiteit(e) deel te neem.
- Betrek kenners/aanbieders/sprekers van buite om vaardighede uit te brei.
- Maak gebruik van opleidingsgeleenthede/werkswinkels vir onderwysers/aanbieders om hulself te bemagtig en hul vaardighede te slyp.
- Bly op hoogte van nuwe kompetisies.
- Maak seker dat daar aan voldoende kompetisies of stimulerende aktiwiteite deelgeneem word om leerders se entoesiasme te behou en vordering te monitor.
- Berei oefensessies/ aanbiedings deeglik voor om 'n gepaste standaard te handhaaf.
- Verskaf uitslae aan bemarking/media-persoon vir plasing.
- Identifiseer begaafde leerders en skep geleenthede vir blootstelling.

## 3.3 SKAKELPERSONE

- Verskaf relevante inligting aan buite-aanbieders.
- Skakel maandeliks met buite-aanbieders om hul te vergewis van leemtes en/of probleme.
- Spreek probleme so ver moontlik aan, of raadpleeg die kultuurhoof.

# 5. MOTIVERINGSGELEENTHEDE

## 5.1 BLOOTSTELLING EN ERKENNING

Prestasies word op media-platforms en in plaaslike koerante geplaas.

Leerders word amptelik tydens saalbyeenkomste geluk gewens en sertifikate/medaljes word, waar van toepassing, oorhandig.

Spesifieke geleenthede word geskep vir blootstelling: Kultuur Vertoonvenster; Swartand's Got Talent; Eisteddfod Prestige-aande vir pryswenners; Musiekblyspel en ander uitvoerings/uitstallings. Uitstaande skryfwerk word in boekievorm as "Rockie Ink" gedruk.
Ons neem jaarliks aan die Montagu Kunstefees en Shakespeare Schools' Festival deel.
Volgens erekleure-riglyne word erekleure/halfkleure vir prestasies vir die volgende toegeken: Drama, dans, ballet, debat, redevoering, Eisteddfod, musiek, koor en Voortrekkers. Kriteria word jaarliks deur die Erekleure-komitee hersien/goedgekeur. Kleure word toegeken vir uitstaande prestasies volgens diskresie van skoolhoof en erekleure-komitee.
Verskeie pryse vir veelsydigheid in kultuur en uitstaande prestasies in kultuur word by die jaarlikse prysuitdelingsfunksie toegeken.

### 5.2 KOMPETISIES

Aanbieders van aktiwiteite berei leerders voor en skryf hul in vir die volgende kompetisies en feeste: ATKV-kompetisies, Dink-of-Sink, Young Communicators Awards, Eisteddfods, Montagu Kunstefees, Shakespeare School's Festival en verskeie aanlyn kompetisies. Inskrywings wissel aangesien dit deur deelname-getalle en die skoolprogram bepaal word.

## 6. BEGROTING EN FINANSIES

### 6.1 ALGEMEEN

Elke onderwyser aan hoof van 'n kultuur-aktiwiteit dien 'n gedetaileerde aparte begroting in.
Daar moet ook spesifiek begroot word vir subsidiëring van inskrywingsfooie.
Inskrywingsfooie word nie terugbetaal indien 'n leerder onttrek nie.

### 6.2 SUBSIDIËRING

Hoogs begaafde leerders word geïdentifiseer en hul kompetisie-inskrywingsfooi(e) mag volgens die begroting gesubsidieer word.

### 6.3 BORGE

Borge word deur hoofde van aktiwiteite met behulp van die bemarker aangevra. Borge moet gewerf word vir groot, duur funksies soos die musiekblyspel en ARTHSS, of vir toere.
Behoeftes en bedrae benodig moet reeds aan die begin van die jaar op skrif aan die bemarker verskaf word.

## 7. TOERE

Daar moet betyds aansoek gedoen word vir toere volgens die WKOD-beleid. Toere moet ook deur die beheerliggaam goedgekeur word. Indien spesifieke kleredrag vir toere/feeste ontwerp of aangekoop moet word, moet die hoof van die aktiwiteit (toerleier) hom/haar vergewis van die klerebeleid en met die klerekomitee saamwerk.

## 8. SKAKELING MET OUERS

### 8.1 INLIGTING

Die nodige inligting ten opsigte van datums, oefentye, kompetisies, ens moet betyds skriftelik aan ouers verskaf word. Ouers moet elke kwartaal 'n uiteensetting van die beplanning, aktiwiteite, relevante inligting, oefenrooster en doelwitte per brief met 'n afskeurstrokie ontvang waar ouers onderneem dat sy/haar kind elke oefening sal bywoon en nie van kompetisies sal onttrek nie. Die elektroniese kennisgewingbord by die hoofingang van die skool hou ouers en die publiek op hoogte van aktiwiteite.

## 8.2 BETROKKENHEID

Elke hoof van 'n kultuurkode (aktiwiteit) moet poog om ouers op verskillende maniere betrokke te maak, byvoorbeeld deur ouerkomitees te stig en van ouerkundigheid gebruik te maak. Inligting moet op 'n gereelde basis op graadgroepe gedeel word.

## 9. BEMARKING EN MEDIA-SKAKELING

Elke hoof van 'n aktiwiteit is verantwoordelik vir media-skakeling en bemarking van sodanige aktiwiteit met behulp van die getaakte media-skakelpersoon en die bemarker.

## 10. TOEKOMSGERIGTHEID

Ons kultuur-aktiwiteite moet relevant bly en innoverend wees. Dit moet 'n blywende impak op die menswees en selfagting van ons leerders kan laat en aanpas by behoeftes en veranderinge in ons samelewing en vaardighede vereis deur die arbeidsmark. Ons glo dat die voordele van kultuur-aktiwiteite veel verder strek as die skoolhekke, om ons leerders te vorm om waardevolle lede van die samelewing te wees.

**Beleidswysigings**

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 14de DAG

VAN Oktober 2024.

SM Walters

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof